NG Kerk in Oos-Kaapland

DIREKTEUR BEGELEIDING
Ds Danie Mouton
E-pos: danie@ngkok.co.za
www.ngkok.co.za

Posbus 34842, Newtonpark, 6055
Tel:. (041) 365-3159
Faks: (041) 365-3156
Sel: 082 9234 178

14 Maart 2008

AAN: KERKRADE EN LERAARS, NG KERK IN OOS-KAAPLAND (*Skriba's, dupliseer asb*.)

Liewe vriende,

OPLEIDING VAN LIDMATE OM BEDIENINGSHULP IN GEMEENTES TE LEWER: PREDIKING EN PASTORALE VERSORGING

Hierdie skrywe handel oor 'n tydige en opwindende verwikkeling in ons sinodale gebied, wat vir alle gemeentes nuwe deur oopmaak!

1. Besluit

Die NG Kerk in Oos-Kaapland het besluit om goedgekeurde materiaal, bekwame dosente en opleidingsgeleenthede daar te stel waarmee ons **lidmate oplei** om prediking en pastoraat in gemeentes waar te neem.

Aangesien hierdie so 'n verantwoordelike taak is, word slegs lidmate opgelei wat:
1. deur kerkrade goedgekeur is vir opleiding, en
2. daarna deur ringe / ringskommissies gekeur is, en
3. nadat hulle eventueel opgelei is, deur kerkrade vir hierdie doel aangestel word.

Die opleiding word verskaf deur die **Netwerk vir Bedienings-toerusting van Lidmate** wat spesiaal vir hierdie doel geskep is, en uit opgeleide predikante bestaan. Hierdie skrywe, die aangehegde inligtingstuk en die verdere dokumentasie spel die hele prentjie uit.

Die Here roep ook lidmate om sy Woord te verkondig en pastorale sorg waar te neem.

Nou het lidmate, deur opleiding en op grond van die krag van die Gees 'n daadwerklike geleentheid om hul roeping betekenisvol in ons kerk uit te leef. Op 'n verantwoordelike, vernuwende manier.

2. Twee kerndoelwitte

Die opleiding wil gemeentes help om prakties-relevant te reageer op die uitdagings vir die kerk:

- Die sendingveld het tot by die voordeur van die kerk gekom, en gemeentes moet kreatief **nuwe bedieninge ontwikkel**, geleenthede om die Woord te kommunikeer en gebrokenes pastoraal te versorg - deur lidmate daarvoor af te sonder, te laat oplei, en as entrepreneurs te bemagtig om hierdie taak uit te voer. Besoldigde predikante alleen sal nooit hierdie uitdagings die hoof kan bied nie;
- Gemeentes het bykomende werkers nodig om **belangrike bedieningsfunksies** in die bestaande bediening te hanteer - in enkele gevalle omdat predikante hoegenaamd nie bekostig kan word nie, en in die meerderheid van situasies om die bediening te versterk.

3. Praktiese voordele

Dink aan die volgende scenario's:

3.1 Die kerk het nou 'n legitieme, **praktiese instrument** om haar missionêre taak uit te voer.

3.2 Sommige gemeentes kan nie langer leraars bekostig nie. Daar is sowat 9 gemeentes in die Oos-Kaap wat geen leraar (of kontrak-leraar) kan bekostig nie. Hierdie gemeentes kan nou lidmate (waarskynlik van hul bestaande leiers) laat oplei om met vrymoedigheid ten opsigte van prediking en pastoraat leiding te neem.

3.3 Gemeentes met **slegs een leraar** benodig "predikers" (opgeleide ouderlinge) wanneer die leraar afnaweke neem of met vakansie is.

3.4 Baie gemeentes het **meer as een preek-punt**, en hou soms slegs twee-weekliks of maandeliks eredienste op die meerdere preekpunte. Hier kan nou weekliks eredienste gehou word.

3.5 Nuwe gemeente-ontwikkeling: Meer en meer gemeentes - of ons dit besef of nie - is voor die uitdaging om nuwe bedieninge te ontwikkel. Die werkkragte vir hierdie bedieninge moet uit lidmate kom - weens praktiese, finansiële, maar veral *Bybels-teologiese* redes. Daar is geen ander volhoubare, werkbare manier om hierdie uitdagings aan te spreek behalwe deur hierdie soort opleiding nie.

3.6 Gemeentes en/of lidmate het **geestelike bedieninge**, bv onder noodlydendes of in fabrieke, in verskeie werkskontekste, soos middaguur-bidure. Ander gelowiges is weer natuurlike, hoewel informele, versorgers. Mense kom sommer vanself uitdagings wat die lewe stel met hul bespreek. Lidmaatleiers kan nou behoorlik bemagtig word om hierdie bedieninge doelgerig en geloofwaardig te bevorder.

3.7 Waar leraars ook geroep is om lidmate in hul bedieninge te ondersteun, gee die stelsel van lidmaat-predikers en lidmaat-versorgers aan hoogs-opgeleide leraars die geleentheid om te belê in lidmaat-bedienaars se lewens.

Nog voordele?

Kan julle aan nog voordele of konstruktiewe scenario's dink rondom hierdie opleiding vir lidmaatleiers? Laat weet ons, sodat ons die effektiwiteit van die opleiding kan verseker en deurgaans kan monitor.

3.8 Hierdie opleiding word nié as alternatief vir kontrak-leraars gesien nie - gemeentes word aangemoedig om steeds van hierdie leraars gebruik te maak. Dit is dikwels gemeentes met kontrak-leraars wat met meerdere preekpunte, of ander uitdagings, te doen het. **Kontrak-leraars se hand kan gesterk word** deur lidmaat-bedienaars te benut.

4. Konsulteer die inligtingstuk en aangehegde dokumente

Hierby aangeheg vind u 'n volledige inligtingstuk oor die opleiding, die aanmeldingsvorm vir lidmate, en die skedule van opleiding vir 2008. Konsulteer dit asb deeglik.

Een van u vrae handel waarskynlik oor die toesig en begeleiding van hierdie bediening. Lees gerus meer oor die mentor-sisteem, naas die begeleiding van die kerkraad, wat geïmplementeer word.

Alle dokumente is ook op ons webblad beskikbaar - www.ngkok.co.za/lidmaatbediening.

Indien u bykomende vrae het, moet u my asseblief onverwyld kontak. Onthou, u vrae kan ons as Oos-Kaapse Kerk ook help om hierdie nuwe bedieningsmoontlikheid verder te verfyn. Ons leer graag en help graag!

Ds Danie Mouton
Direkteur Begeleiding

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

INLIGTINGSTUK: OPLEIDING VAN LIDMATE OM BEDIENINGSHULP IN GEMEENTES TE LEWER

1. Die Here roep sy hele kerk

Die Bybelse vertrekpunt van die NG Kerk in Oos-Kaapland, vir die verstaan van gemeente-wees, is dat die ***hele gemeente*** deur God geroep en verkies is om deel te neem aan God se missie vir die kerk. Die Bybel beskryf ***elke gelowige*** as 'n deel van God se span werkers in die oes.

Die ***Reformasie*** se wesenlike klem op die ***priesterskap van die gelowige*** word in die Oos-Kaap ernstig geneem, en geleenthede word toenemend vir lidmate geskep om verantwoordelikheid vir bediening te neem.

2. Praktiese nood

Die kerk kom in ons tyd voor geweldige uitdagings te staan. Die dae is verby dat ons aan die sendingveld kan dink as iets wat slegs in verre lande bestaan. Ongeloof, onkunde oor die Here, wanbegrip oor die evangelie, self-vernietigende lewensstyle, immoraliteit - mens kan 'n lang lys maak - behoort ons almal te laat wakkerskrik: ons het werk om te doen.

Weens verlies aan die status van kerklidmaatskap, ontvolking van die platteland, ander demografiese skuiwe - alles dinge buite ons beheer - word die volhoubaarheid van bestaande bedieninge al hoe moeiliker. Veral finansieel, trek baie gemeentes swaar. Die amp van die gelowige as manier om die gemeente in stand te hou, word al hoe belangriker.

Mense kry baie swaar. Vir die getuienis van die kerk is daar soveel geleenthede in die versorging van gebrokenes en die uitreik na mense in nood. Hoeveel mense worstel tans om te oorleef, pyn en verlies te hanteer, hul kinders alleen groot te maak - en dan dikwels sonder die Here en sonder betroubare vriende.

Dit is tyd om die praktiese nood aan te spreek deur die amp van die gelowige baie sterker te aktiveer. Hiervoor is toerusting nodig.

3. Geleentheid om lidmate vir bedieningshulp op te lei

Teen hierdie agtergrond het die NG Kerk in Oos-Kaapland besluit om lidmate op te lei om prediking en pastoraat in gemeentes waar te neem.

Tans is ses leraars in ons sinodale gebied aangestel as deel van die ***Netwerk vir Bedieningstoerusting van Lidmate.*** Hierdie leraars is deur prof Malan Nel opgelei, en het die materiaal ontwikkel aan die hand waarvan lidmate opgelei kan word. Dié netwerk vorm deel van die groter Begeleidingsnetwerk van ons sinode en funksioneer in samewerking met die Direkteur Begeleiding.

Die opleidingsmateriaal word deur die sinode goedgekeur. Sodoende word 'n raamwerk geskep waarbinne kerkrade en gemeentes gerus kan wees dat behoorlike bediening deur lidmate moontlik is.

4. Hoe kwalifiseer lidmate om bedieningshulp te lewer?

Om te kwalifiseer vir bedieningshulp, moet lidmate:

- hulleself aanmeld ('n aanmeldingsvorm is beskikbaar);
- deur kerkrade goedgekeur word vir opleiding ('n basiese profiel vir geskikte lidmate is beskikbaar);
- deur ringe / ringskommissies goedgekeur word (aangesien die ring mede-verantwoordelikheid aanvaar vir die mentorskap van hierdie lidmate en hul voortgesette akkreditasie nadat hulle hul opleiding suksesvol deurloop het);
- nadat hulle opgelei is, deur kerkrade aangestel word om die bediening uit te voer.

5. Waaruit bestaan die opleiding?

Die opleiding bestaan uit twee modules, **prediking** en **pastorale versorging**. Lidmate meld hulself aan vir **een** (verkieslik) of albei van die modules. Die primêre gawe van die betrokke lidmate - prediking of pastorale versorging - behoort die deurslag te gee.

Elkeen van die modules word oor **tien sessies** aangebied, wat in een van twee formate kan geskied:

- oor twee **naweke**, d.w.s 5 sessies per naweek - daar verloop 'n paar weke tussen die naweke;
- of op **weeksaande**, wat beteken dat 10 aande in totaal benut word. Hierdie aande word in twee "sessies" van vyf aande, met 'n paar weke tydsverloop tussen-in, gespasieer.

Kursusgangers het bepaalde self-werksaamheid opdragte wat in die tussen-in weke voltooi moet word.

Rig navrae aan: Ds Danie Mouton, danie@ngkok.co.za, tel 041 365-3159 of 082 9234 178

Die materiaal is ontwikkel om aan te pas by die lidmate - daar word dus nie vakkundige teologiese kennis veronderstel nie.

6. Wat kos die opleiding?

Ons is bevoorreg om die koste in die eerste rondte te kon beperk. Die kursusfooi beloop R300.00 (drie-honderd rand). Lidmate is self verantwoordelik vir reiskoste, etes e.s.m. Die bedrag sluit die kursusmateriaal in.

Ons vertrou dat kerkrade lidmate in die betaling van die kursusfooi en ander koste sal borg. Die betrokke ring kan ook vir bystand genader word. Miskien kan die kursusfooi voorgeskiet word, en nie verhaal word nie, mits die lidmaat die opleiding suksesvol voltooi.

7. Opleidingsentra vir 2008

Hierby aangeheg is 'n volledige opleidingskedule met plekke en datums vir 2008. Opgesom kom dit daarop neer dat die opleiding in 2008 op die volgende plekke geskied:

Aberdeen, Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Cradock, Dordrecht, Maclear, Molteno, Oos-Londen en Uitenhage.

Gekombineerd (prediking en pastorale versorging) word 17 kursusse op hierdie plekke aangebied!

8. Akkreditasie

Daar is 'n paar hekkies wat oorgesteek moet word voordat 'n lidmaat wat vir opleiding aanmeld met die bedieningshulp kan begin:

- Die plaaslike kerkraad moet die lidmaat by die Begeleidingsnetwerk aanbeveel;
- Die plaaslike ring / ringskommissie moet die lid-maat ook goedkeur - ringe aanvaar uiteindelik verantwoordelikheid vir die voortgesette mentorskap en akkreditasie van hierdie lidmate
- Die lidmaat deurloop die opleiding en moet dit voldoen aan die opleidingsvereistes
- Die lidmaat word dan deur die Sinode se Begeleidingsnetwerk geakkrediteer.
- Die bepaalde kerkraad besluit dan of hulle die lidmaat/e wil benut. Die oorspronklike aanbeveling vir opleiding is dus nog nie 'n ongekwalifiseerde "ja" vir die benutting van die lidmaat se bedieningshulp nie. Dit staan natuurlik enige ander Oos-Kaapse kerkraad vry om sodanige lidmate "aan te stel" vir bedieningshulp. Hierdie lidmate werk onder toesig van die kerkraad.
- Die plaaslike ring wys 'n mentor(s) aan vir die lidmate, en is verantwoordelik vir die bestuur van die akkreditasie.

Die praktiese werking van aanmelding en die verdere verloop word volledig uiteengesit op die ***vorm*** vir die *Aanmelding van Lidmate vir Toerusting om Bedieningshulp onder toesig van Kerkrade te lewer*. Soos die ander dokumentasie, is dit beskikbaar op ons sinode se webblad: www.ngkok.co.za/lidmaatbediening.

9. Administrasie en keerdatums

Sodra lidmate die aanbevelingsvorm voltooi het, en kerkrade dit goedkeur, word die vorm onverwyld gestuur aan:

Ds Danie Mouton, Direkteur Begeleiding,
Posbus 34842, NEWTONPARK, 6055
Faks: 041 365-3159
E-pos: danie@ngkok.co.za

Die **keerdatum** vir die ontvangs van aansoeke vir kursusse wat in **Mei of Junie begin**, is **30 April 2008**.

Die keerdatum vir latere kursusse is **15 Junie 2008**.

Bestudeer die datums op die aangehegde skedule asb noukeurig, *want nie alle kursusse word tegelykertyd oral aangebied nie.* Maak vinnig!

Bemarking in u gemeente

Die sukses van hierdie opleiding sal in 'n groot mate afhang van die manier waarop u dit in u gemeente bekendstel. Doen asb groot moeite om dit goed af te kondig, in u gemeenteblad te plaas, *maar veral om geskikte lidmate persoonlik te nader.*

10. Bemarking in die gemeente

Ons vertrou dat kerkrade in staat sal wees om hierdie besondere geleentheid raak te sien in terme van die geweldige potensiaal wat dit het.

Die sukses sal afhang van u positiewe bemarking in die gemeente. Kondig dit wyd aan, maar nader ook geskikte lidmate persoonlik. Let op die ***profiel*** vir geskikte lidmate wat deel uitmaak van die aan-meldingsvorm.

11. Verdere opleiding?

Partykeer - as die toerustingsgogga eers een keer byt - wil lidmate verder toegerus word.

Die Begeleidingsnetwerk sal elke lidmaat wat die opleiding suksesvol voltooi, met R100 (eenhonderd rand) borg om 'n verbandhoudende, goedgekeurde kursus van enige instansie te deurloop.

NG KERK IN OOS-KAAPLAND - NETWERK VIR BEDIENINGSTOERUSTING VAN LIDMATE

DATUMS VIR OPLEIDING : PREDIKING EN PASTORAAT : 2008 (Weergawe 2)

#	Sentrum	Opleier	Kursus en Formaat	Datum	Plek van opleiding
A1	***Aberdeen***	Aldo Liebenberg	***Prediking*** (Naweke)	Naweek 1: 23 - 24 Mei Naweek 2: 20 - 21 Junie	NGK Aberdeen
A2	***Aberdeen***	Aldo Liebenberg	***Pastoraat*** (Naweke)	Naweek 1: 18 - 19 Julie Naweek 2: 12 - 13 September	NGK Aberdeen
A3	***Aliwal-Noord***	Jannie Richter	***Prediking*** (Naweke)	Naweek 1: 22 - 23 Mei Naweek 2: 14 - 15 Junie	NGK Aliwal-Noord
A4	***Aliwal-Noord***	Jannie Richter	***Pastoraat*** (Weeksaande)	15 Julie tot 16 September, elke Dinsdagaand	NGK Aliwal-Noord
B1	***Barkly-Oos***	Jannie Richter	***Prediking*** (Weeksaande)	14, 17, 21, 24 April, 1, 19, 26 Mei, 2, 5, 8 Junie	NGK Barkly-Oos
B2	***Barkly-Oos***	Jannie Richter	***Pastoraat*** (Weeksaande)	14 Julie tot 15 September, elke Maandagaand	NGK Barkly-Oos
C1	***Cradock***	Dewald Davel	***Prediking*** (Naweke)	Naweek 1: 25-26 Julie Naweek 2: 13 - 14 Feb 2009	NGK Cradock-Oos
C2	***Cradock***	Dewald Davel	***Pastoraat*** (Naweke)	Naweek 1: 22-23 Augustus Naweek 2: 27 - 28 Februarie	NGK Cradock-Oos
D1	***Dordrecht***	Willie van Zyl	***Prediking*** (Naweke)	Naweek 1: 20 - 22 Junie Naweek 2: 12 - 14 September	NGK Dordrecht
M1	***Maclear***	Willie van Zyl	***Prediking*** (Naweke)	Naweek 1: 30 Jun - 01 Julie Naweek 2: 25 - 27 Julie	NGK Maclear
M2	***Maclear***	Willie van Zyl	***Pastoraat*** (Naweke)	Naweek 1: 01 - 03 Augustus Naweek 2: 05 - 07 September	NGK Maclear

Blaai om

M3	***Molteno***	Dewald Davel	***Prediking*** (Naweke OF Weeksaande) (Weeksaande = 1 keer per week OF opeenvolgende weeksdae, Midweek)	Naweek 1: 23 - 25 Mei Naweek 2: 17 - 19 Okt OF Weeksaande: 21, 28 Mei, 4, 11, 18 Junie EN Weeksaande 9, 16, 23, 30 Okt en 6 Nov (Deelnemers bepaal watter opsie gevolg word.) OF Midweek 30 Jun - 2 Jul en 29 Sep - 1 Okt (weeksdae) (Na oorleg met deelnemers bepaal watter opsie gevolg word.)	NGK Molteno
M4	***Molteno***	Dewald Davel	***Pastoraat*** (Naweke OF Weeksaande) (Weeksaande = 1 keer per week OF opeenvolgende weeksdae, Midweek)	Naweek 1: 6 - 8 Junie Naweek 2: 7 - 9 November OF weeksaande 27 Mei, 3, 10, 17, 24 Junie EN 13, 20, 27 Nov en 4 en 11 Des OF Midweek 2 - 4 Julie en 1 - 3 Okt (weeksdae) (Na oorleg met deelnemers bepaal watter opsie gevolg word.)	NGK Molteno
O1	***Oos-Londen***	Dries Coetzee	***Prediking*** (Opeenvolgende aande)	29, 30 Junie, 1, 2, 3, EN 20, 21 22, 23, 24 Julie 29 Junie en 20 Jul = 18:00 - 21:00, die res 19:00 - 21:00	NGK Oos-Londen-Noord
O2	***Oos-Londen***	Dries Coetzee	***Pastoraat*** (Opeenvolgende aande)	1, 2, 3, 4, 5 EN 22, 23, 24, 25, 26 Junie 1 en 22 Junie van 18:00 - 21:00, die res van 19:00 tot 21:00; Oggendkursus: 2, 3, 4, 5 ,6 EN 23, 24, 25, 26, 27 Junie - 2 en 23 Junie van 09:00 - 12:00, die res van 10:00 - 12:00	NGK Oos-Londen-Noord
U1	***Uitenhage***	Christo Stümke	***Prediking*** (Naweke)	Week 1: 30 Junie - 1 Julie Naweek 2: Datum sal nog bepaal word	NGK Uitenhage-De Mist
U2	***Uitenhage***	Christo Stümke	***Pastoraat*** (Naweke)	Naweek 1: 20 - 21 Junie Naweek 2: 22 - 23 Augustus	NGK Uitenhage-De Mist

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NETWERK VIR BEDIENINGSTOERUSTING VAN LIDMATE

AANMELDING VAN LIDMATE VIR TOERUSTING OM BEDIENINGSHULP ONDER TOESIG VAN KERKRADE TE LEWER

1. INSTRUKSIES:

1.1 Die Lidmaat wat genomineer word of aanmeld om bedieningshulp te lewer, vul Deel A in.

1.2 Kerkrade voltooi Deel B, as aanbeveling van die lidmaat, met verwysing na die aangehegde basiese profiel.

1.3 Ringe / Ringskommissies voltooi Deel C.

2. PROSES : HANTERING VAN DIE VORM:

2.1 Lidmate voltooi Deel A, waarna Kerkrade Deel B voltooi

2.2 Kerkrade stuur dan die voltooide vorm aan : Direkteur Begeleiding, Posbus 34842, NEWTON PARK, 6055.

2.3 Die Direkteur Begeleiding stuur die vorm na die Ringskriba vir hantering deur die Ringskommissie en daarna aan die Netwerk.

DEEL A
PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Van, en dan Noemnaam:		
Volle Name:		
Woonadres:		
Volledige Posadres:		
Gemeente & kerkverband:		
Telefoonnommers:	**Huis:**	**Werk:**
	Sel:	**Faks:**
E-pos:		
Hoogste kwalifikasie:		
Opleidingservaring:		
Beroep:		
Beroepsondervinding:		
Benodig u 'n studiebeurs? Motiveer asb.		
Vir WATTER kursus skryf u in (merk met 'n X):	**PREDIKING**	**PASTORALE VERSORGING**
Voorkeur SENTRUM van opleiding (sien lys):	**Keuse 1:**	**Keuse 2:**

Ek bevestig my instemming met die aangehegde basiese profiel vir lidmate, en onderneem om daaraan te voldoen:

Handtekening van Lidmaat **Datum**

DEEL B
AANBEVELING VAN DIE KERKRAAD

Naam van gemeente:			
Lidmate benodig praktiese ondervinding tydens opleiding. Verbind u u om sodanige diensgeleenthede te voorsien? (Merk met 'n X)		**JA**	**NEE**
Sou u gemeente hierdie lidmaat in u gemeente benut indien die opleiding suksesvol deurloop word (pt 2.2, bl 3)? Motiveer asb.			
Is u in staat om hierdie lidmaat finansieel te ondersteun vir die koste van opleiding? Motiveer asb indien nodig.			

Handtekening (Voorsitter of Skriba van die Kerkraad) **Datum**

DEEL C
GOEDKEURING VAN DIE RING / RINGSKOMMISSIE (indien die lidmaat aan die NG Kerk behoort)

Naam van Ring:	
Keur u hierdie lidmaat goed op grond van die kerkraad se aanbeveling?	
Is u in staat om hierdie lidmaat finansieel te ondersteun vir die koste van opleiding? Motiveer asb indien nodig.	

Handtekening (Voorsitter of Skriba van die Ring) **Datum**

DEEL D
KENNISNAME DEUR DIE NETWERK VIR BEDIENINGSOPLEIDING VAN LIDMATE

Toegewysde opleier:	**Plek van opleiding:**
Datum van aanvang:	**Opmerkings:**
Betaling ontvang:	

Afskrifte van hierdie vorm is beskikbaar by www.ngkok.co.za/lidmaatbediening
Pos die voltooide vorm aan: Direkteur Begeleiding, Posbus 34842, NEWTON PARK, 6055

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NETWERK VIR BEDIENINGSTOERUSTING VAN LIDMATE

BASIESE PROFIEL VAN GESKIKTE LIDMATE VIR BEDIENINGSHULP IN GEMEENTES, EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN KERKRADE

1. PROFIEL VAN GESKIKTE LIDMATE

1.1 Die lidmaat moet vertroue in die gemeente geniet as ‘n persoon wat geskik is om bedienings-hulp, hetsy tov prediking of pastorale versorging, te lewer. Die gemeente / kerkraad moet in staat wees om die gawe van prediking of pastorale versorging te bevestig in die lidmaat wat aanbeveel word.

1.2 Die lidmaat moet geestelik volwasse in ingesteldheid en optrede wees, veral ten opsigte van integriteit en Bybelse lewenswaardes.

1.3 Voldoen die persoon aan die Bybelse voorskrifte vir leierskap, soos vervat in bv Paulus se briewe aan Timoteus en Titus?

1.4 Kan die persoon vertrou word om sensitiewe inligting absoluut vertroulik te hanteer?

1.5 Is die persoon se persoonlike lewe en gesinslewe in orde?

1.6 Beskik die persoon oor voldoende tyd om die bediening volhoubaar in die gemeente uit te voer?

2. VERANTWOORDELIKHEDE VAN KERKRADE

2.1 Kerkrade waak daarteen om nie volmaaktheid van lidmate te verwag voordat persone gekeur word nie. Kerkrade laat ook ruimte vir geestelike groei deur die opleidingsproses en die uitvoering van hierdie bediening.

2.2 Kerkrade neem kennis dat aanbeveling vir opleiding nog nie uiteindelike toelating tot die uitvoering van prediking of pastorale versorging in die gemeente impliseer nie. Nadat die opleiding suksesvol voltooi is en ‘n sertifikaat van akkreditasie aan die lidmaat uitgereik is, besluit die kerkraad finaal om die lidmaat tot die “bediening” toe te laat, al dan nie.

2.3 Kerkrade en gemeentes weet dat die praktiese uitvoering van bediening ‘n proses van groei in effektiwiteit behels, en beloof daarom ondersteuning en voorbidding vir lidmate wat aanbeveel word vir opleiding in bedieningshulp.

2.4 Kerkrade gee aan lidmate geleentheid om praktiese ondervinding tydens die opleidingsfase in die gemeente op te doen.